# INHOUD PER KWARTAAL

# • AFRIKAANS •

## GRAAD 5

## KWARTAAL 1

• Lettergrepe • Sinsontleding • Samestellings •

• Leestekens • Sinsoorte • Verkleining • Meervoude •

## KWARTAAL 2

• Verboë Vorm • Intensiewe Vorme • Versamelname • Trappe van Vergelyking •

• Verkleining • Meervoude • Leestekens • Bywoorde • Sinsontleding • Werkwoorde •

• Lettergrepe • Vergelykings •

## KWARTAAL 3

• Verboë Vorm • Intensiewe Vorme • Trappe van Vergelyking • Sinsoorte •

• Verkleining & Meervoude • Homonieme & Homofone • Direkte & Indirekte Rede •

## KWARTAAL 4

• Departementele Vraestel •

*Geen inligting, toetse, memorandums, opsommings, dokumente, aanhangsels mag gereproduseer, gekopieer, versprei en/of herverkoop word op enige manier sonder die geskrewe toestemming van My A Plus (Edms) Bpk nie.*

# VOORBEELD:
# UITTREKSEL UIT 'n VRAESTEL



# • AFRIKAANS •

## GRAAD 5

## KWARTAAL 1

**• Lettergrepe • Sinsontleding • Samestellings •**

**• Leestekens • Sinsoorte • Verkleining • Meervoude •**

© My A Plus ©

 © Kopiereg 2018-2024. My A Plus (Edms) Bpk. Kopiereg voorbehou.


## Afdeling A | Leesbegrip


Lees die boekuittreksel hieronder en beantwoord die vrae in jou eie woorde:

# Dagboek van ‘n wimpy kid

*Jeff Kinney*

Dis nie die EERSTE keer dat Ma ons sonder waarskuwing ingelig het van 'n lang reis nie. Verlede jaar op die eerste dag van die somervakansie het sy gesê ons gaan tant Loretta 'n paar dae lank in die verpleeginrigting besoek.

Dit was nie juis 'n prettige manier om die somer af te skop nie. Een keer toe ons tant Loretta besoek het, het haar kamermaat my gegryp en sy wou my nie laat gaan tot 'n personeellid vir haar 'n sjokolade-muffin gebring het nie.




1. Omkring die letter met die regte antwoord.

1.1 Watter woord beskryf “sonder waarskuwing” die beste?

A onverwags

B doelbewus

C toevallig

D aspris

1.2 Die woord "besoek" is 'n:___________________?

A samestelling
B 'n basis met 'n voorvoegsel
C 'n basis met 'n agtervoegsel
D 'n basisvorm

1.3 Waarom word "sjokolade-muffin" met 'n koppelteken geskryf?

A opeenhoping van vokale
B 'n woord wat herhaal word
C woorde wat gekoppel word
D dui 'n nuwe lettergreep aan

1.4 Waarom word "EERSTE" in hoofletters geskryf?

A dis 'n afkorting
B dit beklemtoon dat Ma dit al voorheen gedoen het
C dit beklemtoon dat Ma dit die eerste keer gedoen het
D dit beklemtoon dat Ma dit die laaste keer gedoen het

1.5 Hoekom het tant Loretta se kamermaat hom laat gaan?

A sy het hom laat gaan sodat sy 'n sjokolade-muffin by die personeellid kon vat
B hy het haar geskop
C 'n personeellid het haar gegooi met 'n sjokolade-muffin
D sy is allergies vir sjokolade-muffins

1.6 Wat is die verkleinwoord van kamermaat?

A kamermaats
B kamermaaikie
C kamermaaitjie
D kamermaatjie

1.7 Die diftong in reis is:

A r
B e
C ei
D i

2. Wie is die skrywer van hierdie uittreksel? ______________________________

3. Gee die bepaalde lidwoord in die eerste sin van die uittreksel: ______________________________

# Afdeling B | Taalleer

1. Is die volgende stellings waar of vals?

   1.1 Stippels laat jou aan jou eie gedagtes oor. ____________

   1.2 ‘n Kommapunt vervang ‘n voegwoord. ____________

   1.3 Aanhalingstekens dui ‘n ruspouse aan. ____________

   1.4 Hakies gee ekstra inligting. ____________

   1.5 ‘n Aandagstreep lê ’n klem op dit wat volg. ____________

   1.6 ‘n Deelteken dui die begin van ‘n nuwe lettergreep aan. ____________

2. Onderstreep die korrekte woord:

   2.1 Ons gaan (die/’n) naweek Stilbaai toe.

   2.2 Soek jy solank vir ons (die/’n) sitplek op (die/’n) trein.

© My A Plus ©